**NIKS SPESIAAL**

Dis niks spesiaal om ‘n weeskind te wees nie. ‘n Weeskind is net soos enige ander kind, behalwe die feit dat jy jou ouers verloor het natuurlik. Of wag, is dit hoe en op watter ouderdom jy jou ouers verloor het wat jou spesiaal maak? Ag nee wat, ek’s niks spesiaal. Soms het die ander kinders by die skool geskinder oor die feit dat ek ‘n weeskind is, maar so what? Dis niks spesiaal. Baie kinders, ongeveer 153 miljoen (volgens UNICEF), is wees.

Mense kan my maar skeef aankyk, ek weet my weeskind situasie is niks spesiaal in 2023. Ja ek het my ouers op die ouderdom van 13 verloor en ja ek het in ‘n kinderhuis geland, maar dis niks spesiaal nie. Miljoene kinders in Suid Afrika word na omgesien in kinderhuise.

Ek wil nie as spesiaal gesien word oor my situasie nie, ek is spesiaal omdat ek ‘n kind is. Nie ‘n weeskind nie, net ‘n normale kind.